

**18 Maart**

**God se liefde is groter as jou beproewing**

**Skrifgedeelte: Klaagliedere 3:21-33**  
**Fokusgedeelte: Klaagliedere 3:31-33**

Om die raaisel van die beskikking van God oor die lotgevalle van mense in 'n paar sinne te ontrafel, is onmoontlik. Selfs Job het, ná hy 'n hele boek geskryf het, net sy hand op sy mond gesit en stilgebly. Wie kan verstaan hoedat voorspoed en teenspoed in 'n mens se lewe lepel lê?

Met 'n gedeelte soos hierdie moet ons nie net 'n stukkie lees en dan opgewonde raak nie. Ons moet alles lees. Wanneer daar staan: "Die Here verstoot 'n mens ...", dan is dit nie al wat daar staan nie. Ons moenie met hierdie vyf woorde op hol gaan en aansluit by die mense wat vra waarom God die kwaad toelaat nie. Daar staan inderdaad dat die Here *verstoot*, maar daar staan ook "... *maar nie vir altyd nie*". Daar staan in hierdie fokusgedeelte ook nog baie meer as dit geskryf.

Ons moet onthou dat ons in hierdie gedeelte die belewenis van die digter het wat kla voor die aangesig van die Here. Noem dit maar sy subjektiewe belewenis as jy wil. Die feite is net dat elke gelowige ook hierdie tipe van verwarrende emosies beleef en ook soms verstote en verlate voel. Daarom, as jy vandag die genade wil raak lees, moet jy vers 31 tot 33 lees.

As jy vandag voel dat die Here jou verstoot, dan is dit nie noodwendig so nie – subjektief voel jy so, maar daar is darem al 'n bietjie troos dat dit nie vir altyd so is nie. En as jy voel dat God beproewinge oor jou bring, lees tog raak en wees op die uitkyk daarvoor dat sy ontferming oor jou groter as jou beproewinge is.

Van een ding is die gelowige altyd seker, en dit is dat God Hom in Jesus Christus oor ons ontferm het. Omdat God daarvan in sy Woord getuig, mag elke gelowige ook verseker wees dat niks hom van die liefde van God kan skei nie. Die digter kan 'n klaaglied sing, omdat hy verseker is dat die Here nie behae daarin het dat sy kinders beproef word nie – en kom daar wel beproewings, dan is God se ondersteunende liefde groter as die beproewings wat jy beleef.

*Sing: Psalm 23:1 (Totius)*

*Dr. Dick Steyn (Emeritus)*